



REPUBLIEK VAN NAMIBIË

DIE MINISTERIE VAN ONDERWYS, KUNS EN KULTUUR

NAMIBIË SENIOR SEKONDÊRE SERTIFIKAAT (NSSC)

AFRIKAANS TWEEDE TAAL

GEWONE VLAK 6108

GRAAD 10-11

SPESIMEN VRAESTELLE 1-3 EN MERKSKEMAS

**HIERDIE VRAESTELLE EN MERKSKEMAS DIEN AS VOORBEELD VIR DIE SPESIFIKASIES IN DIE
HERSIENE NSSCO AFRIKAANS TWEEDE TAAL SILLABUS**

VIR IMPLEMENTERING IN 2019

VIR EERSTE EKSAMEN IN 2020

Die Ministerie van Onderwys, Kuns en Kultuur
Nasionale Instituut vir Onderwysontwikkeling (Nied)
Privaatsak 2034
Okahandja
Namibië

© Kopiereg NIED, die Ministerie van Onderwys, Kuns en Kultuur, 2018
NSSCO Afrikaans Tweede Taal voorbeeldvraestelle vir graad 10-11

ISBN: 978 999 45-2-230-9

Gedruk deur NIED

Publikasiedatum: 2019

INHOUDSOPGAWE

VRAESTEL 1 Lees en skryf.....	5
Taak 1.....	6
Taak 2.....	8
Taak 3.....	10
Taak 4	12
AFDELING B: Skryf	15
Taak 5: Begeleide skryfwerk	15
Taak 6: Uitgebreide skryfwerk	18
Merkskema Vraestel 1	21
Algemene nasien kriteria vir Taak 5: Begeleide skryfwerk.....	25
Algemene nasien kriteria vir Taak 6: Uitgebreide skryfwerk	31
VRAESTEL 2 Luister	30
SPESIMEN VRAESTEL 2.....	30
Taak 1	31
Taak 2	32
Taak 3.....	33
Taak 4.....	34
Taak 5.....	36
TEKSTE ONDERWYSERSGIDS.....	40
Taak 1.....	40
Taak 2	43
Taak 3.....	44
Taak 4.....	46
Taak 5.....	48
Vraestel 2.....	52
Merkskema.....	52
Taak 1	52
Taak2.....	52
Taak 3	53
Taak 4	53
Taak 5.....	54
Vraestel 3 Praat Assessering	56
Praat Kaart A: Skoolverlaat	57
Praat Kaart B: My gunsteling seisoen	59.
Praat Kaart D: My pragtige land, Namibië	63
Praat Kaart E: Wildstropery	65
NASIENROOSTER VIR PRAAT	73
Praat assesseringskriteria grid.....	75

Centre Number	Candidate Number	Candidate Name
---------------	------------------	----------------

NAMIBIË SENIOR SEKONDÊRE SERTIFIKAAT GEWONE VLAK

AFRIKAANS AS TWEEDE TAAL GEWONE VLAK

6108 / 1

VRAESTEL 1 Lees en Skryf

2 uur 30 minute

Punte 70

SPESIMENVRAESTEL

Geen addisionele materiaal word benodig nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

- Kandidate beantwoord op die vraestel in die spasies wat voorsien word.
- Skryf jou sentrumnommer, Kandidatenommer en naam in die ruimtes aan die bokant van hierdie bladsy.
- Skryf slegs met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie korrigeerlak gebruik nie.
- Moenie skryf in die margin vir eksaminator se gebruik nie.
- Beantwoord al die vrae.
- Woordeboeke word nie toegelaat nie.
- Die aantal punte word tussen hakies [] aan die einde van die vraag of 'n gedeelte vraag aangedui.

GEBRUIKSAANWYSINGS eksaminatorsverslag	
Taak 1	
Taak 2	
Taak 3	
Taak 4	
Taak 5	
Taak 6	
<i>Marker</i>	
<i>Checker</i>	

Hierdie dokument bestaan uit **16** bladsye gedruk en **0** leë bladsy



Republiek van Namibië

Ministerie van Onderwys, Kuns en Kultuur

AFDELING A: LEES

Taak 1

Lees die artikel oor Neil Armstrong, die Amerikaanse ruimtevaarder, en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Die voetspore van ruimtevaarders

Neil Armstrong was die eerste persoon wat op 21 Julie 1969 sy voet op die maan gesit het. Daarmee het hy die onvergeetlike boodskap vir die aarde gelewer: "Dis een klein treetjie vir die mens, een reuse-sprong vir die mensdom." Ongeveer 600 miljoen mense, wat in 1969 een vyfde van die wêreld se bevolking was, het gekyk of geluister na die maanlanding.

Neil Armstrong was die bevelvoerder van die ruimtetuig Apollo 11, op die gewaagste ruimtesending van die twintigste eeu. Die vroeë stadiums van die vlug was baie stresvol en ongelooflik raserig, tydens die bekendstelling fase van Apollo 11, Armstrong se hartklop het 'n hoë telling van 110 slae per minuut bereik.

Apollo 11 is groter as enige vorige ruimtetuig. Dit bestaan uit 'n bevelmodule, waarin die ruimtevaarders gereis het; 'n diensmodule, wat krag voorsien het; en 'n maanlandingsmodule vir landing op die oppervlak van die maan. 'n Voordeel van die reis in hierdie ruimtetuig was dat die ruimtevaarders met meer maklik kon rondbeweeg.

Gedurende die finale landing op die maan, het Armstrong opgemerk dat hulle na 'n gevaarlike landingsplek beweeg het. Hy het beheer van die maanlandingsmodule oorgeneem, en dit met die hand na 'n veiliger gebied gevlieg om te land. Dit was so hittete, maar Armstrong het daarin geslaag om die landingsmodule veilig te land op die plek van waar hulle weer twee dae later sou opstyg.

Armstrong en sy mede-vlieënier, Edwin 'Buzz' Aldrin, bestee byna drie uur op die maan se oppervlak en versamel monsters van klippe en maanstof. Armstrong het gesê later, "Dit was die ongelooflikste ding wat ons ooit ervaar het." Die twee ruimtevaarders het ook wetenskaplike eksperimente gedoen tydens hul staptog. Intussen het die derde ruimtevaarder, Michael Collins, **op daardie tydstip van die missie**, 'n ewe belangrike rol gehad om te speel. Hy die maan omwentel in die bevelmodule terwyl sy twee kollegas op die oppervlak geloop het.

In totaal het twaalf Amerikaanse ruimtevaarders op die maan geland tussen 1969 en die finale maanmissie in 1972. Alan Shepard was die oudste man om, op die ouderdom van 47, op die maan te loop. Hy was in 1971 die Apollo 14-missie se bevelvoerder.

Neil Armstrong was in 1930 gebore en het sy eerste vliegtuigrit op die ouderdom van ses gehad. Hy het modelvliegtuigies gebou en eksperimenteer in die meganika van vliegekunde. Hy het as 'n vlieënier by die weermag aangesluit en op 'n later tydstip aan die ruimteprogram deelgeneem as ruimtevaarder voor hy onderrig gegee het oor lugvaart aan 'n universiteit.

Hy het uiteindelik 'n plaas gekoop in die 1970's en met beste geboer. Hy verkies om publisiteit te vermy en het selde onderhoude aan die media toegestaan. Mense wat hom geken het, het egter gesê dat hy 'n geweldige gevoel van trots in die prestasies van die ruimteprogram gehad het.

- 1 Wat was Neil Armstrong se spesifieke rol in die ruimtemissie?
..... [1]
- 2 Wanneer het Armstrong se hart die vinnigste geklop?
..... [1]
- 3 Wat was 'n voordeel van die groter bevelmodule?
..... [1]
- 4 Wanneer het Armstrong 'n moontlike probleem gedurende die ruimtemissie opgelet?
..... [1]
- 5 Hoe het die twee ruimtevaarders hul tyd op die maan se oppervlak gespandeer?
Gee **twee** voorbeelde.
 - (a) [1]
 - (b) [1]
- 6 Wanneer het die laaste reis na die maan plaasgevind?
..... [1]
- 7 Hoe was Armstrong se laaste werk gekoppel aan die vliegkuns?
..... [1]
- 8 Watter bewyse is daar in die leesstuk wat daarop dui dat Armstrong 'n beskeie Man was? Gee **twee** redes
.....
..... [2]

[10]

Taak 2

Lees die volgende artikel waarin vier jongmense hul gedagtes oor dagboeke deel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Jongmense se opinies oor dagboeke

A - Ndapandula Namupala

Ek het begin om 'n dagboek te hou op die ouderdom van agt jaar. Die eerste paar inskrywings het gehandel oor my eerste reis in die buiteland. Ons gesin het na New York gegaan en onthou dat daar so baie was om te sien. Ons het so baie nuwe ervarings gehad terwyl ons daar was. Ek het besluit om dit alles elke aand neer te skryf. Deesdae probeer ek elke aand ongeveer 'n halfuur met my dagboek te spandeer, nie net om te skryf oor die dag nie, maar ook 'n terugblik oor wat ek voorheen geskryf het. Soms kan dit nogal amasant wees. Maar nadat ek my broer 'n paar jaar gelede uitgevang het wat besig was om my dagboek te lees, het ek allerhande verskriklike dinge oor hom geskryf. Ek kan nogal nie heeltemal glo dat ek dit gedoen het nie! Daarna het ek my dagboek vir 'n rukkie in 'n veilige plek gehou, alhoewel dit my nie nou meer pla nie: Niemand wil dit lees nie!

B - Ningiree Kangootui

Ek het nog altyd 'n dagboek by my in my sak gehad - 'n notaboek en 'n pen. Dit beteken dat wanneer daar iets is wat ek wil skryf, hoef ek nie bekommerd te wees om dit te onthou tot later nie. Wat my die beste pas, baie beter as om 'n vaste tyd vir dagboekskryf elke dag te hê - al weet ek dat sommige mense sê dis die beste manier. Ek was nog altyd lief daarvoor om beroemde mense se dagboeke te lees. Daar is twee of drie blogs wat ek baie gereeld na kyk, maar ek was nog nooit in die versoeking om self een te skryf nie. Ek dink dat sodra jy weet jy het 'n gehoor, is dit baie moeilik om die byvoeging van ekstra inligting te verhoed, of die verandering van stukkies hier en daar om iets meer interessant te maak. Dis snaaks, want ek geniet dit baie om alles oor iemand anders se privaatlewe te lees, maar as dit andersom was, sou ek regtig skaam wees daarvoor.

C - Petrina Goagoses

Ek het onlangs weer in 'n dagboek begin skryf, na 'n gaping van 'n paar jaar- ek het gestop toe my skoolwerk meer en meer van my tyd in beslag geneem het. Ek dink dat om alles op papier weer te gee, gee jou 'n kans om te besin oor wat aan die gang is, en om sin te maak van hoe jy voel. As ek terugkyk op 'n bladsy kan ek dadelik sê hoe ek gevoel het daardie dag - bloot uit die grootte en vorm van my skryfwerk of uit hoe netjies dit lyk. Soms is ek nogal verbaas oor die detailleerdheid van die dinge wat ek geskryf het - wie ek ontmoet het, wat ek geëet het, selfs. Soms skryf ek dit alles neer, met duidelike opskrifte, puntsgewys onder mekaar. Dit help my om al die besonderhede vir die toekoms te onthou, hoewel niks daarvan noodwendig merkwaardig is nie.

D - Deon Coetzee

Ek was nog altyd lief vir skryf - ek het allerhande stories in my kop. Ek het 'n lys op 'n ander stuk papier waarop ek my idees aanteken, sodat ek hulle nie vergeet nie. Ek skryf altyd met die hand. Ek dink die gebruik van 'n rekenaar laat die proses meer saaklik lyk en minder persoonlik, maar ek probeer om my dagboekskryfery tot 'n maksimum van een uur 'n dag te hou. Een van my onderwysers het my vertel dat as jy nie versigtig is nie, kan jy begin lewe vir jou dagboek, eerder as andersom. Daar is 'n paar waarhede daarin. My dagboek is een van my kosbaarste besittings en daarom is dit altyd in 'n veilige plek in my slaapkamer. Dis nie dat ek veel omgee as iemand anders dit lees nie, maar ek is verlore sonder dit!

Die onderstaande vrae is oor die mense (**A-D**) wat 'n dagboek hou. Skryf vir elke vraag die korrekte letter **A**, **B**, **C** of **D** in die ruimte wat voorsien word.

Watter persoon ...

- 9** verduidelik die belangrikheid van 'n tydsbeperking vir dagboek skryf? [1]
- 10** noem 'n gebeurtenis wat veroorsaak het dat hy/sy begin dagboekskryf
het?..... [1]
- 11** voel ongemaklik as hulle dink ander mense kan hul dagboek lees? [1]
- 12** sien dagboekskryf as 'n manier om mens se emosies te begryp? [1]
- 13** is versigtig oor waar hulle hul dagboek bêre?... [1]
- 14** dink dat nie alles wat'n mens in dagboeke lees op die net is waar nie? [1]
- 15** erken skok veroorsaak deur 'n ou dagboekinskrywing?. [1]
- 16** geniet die lees van hul dagboekinskrywings van die verlede? [1]
- 17** dui daarop dat handskrif amper net soveel inligting kan gee as die werklike
woorde in die dagboek? [1]

[9]

Taak 3

Lees die volgende artikel oor sosiale media en voltooi dan die notas op die volgende bladsy.

Sosiale media – 'n seën of 'n vloek?

Sosiale media het 'n gewilde wyse van kommunikasie onder jongmense geword. Hulle voel desperaat om hul lewenservarings te deel en Facebook, Twitter, What's App laat hul heel vrylik toe om dit te doen. Om in staat te wees om vriende te maak oor die hele wêreld het natuurlik 'n nadeel. Jy weet nie wie het toegang tot die inligting wat jy plaas nie en boonop, weet jy nie vir seker met wie jy praat nie.

Yama woon in die stad, Kanpur. Sy is 'n briljante student, wat voorberei vir vanjaar se eksamens. Sy ry fiets skool toe en terug, daarom het haar ma vir haar 'n foon gekoop op haar vyftiende verjaarsdag. Die verkryging van 'n selfoon verander Yama se lewe. Dit maak 'n hele nuwe wêreld vir haar oop waar sy gemaklik voel om haar private gedagtes en gevoelens uit te druk. Maar haar ma is bang sy kan verslaaf geraak daaraan om op die internetwebwerwe te snuffel en agter te raak met haar skoolwerk. Prabha voel onmiddellik waarskuwingstekens as Yama reguit na haar kamer gaan na skool om haar selfoon te gebruik. Ingeval haar dogter onvanpaste vriende maak, het Prabha 'n valse identiteit op Facebook geskep sodat sy Yama se aktiwiteite kan monitor. Keuses soos hierdie laat haar ongemaklik voel, maar sy sien geen ander uitweg nie. Natuurlik sou Yama met afgryse vervul word oor haar ma se gerondsnuffel in haar private wêreld.

Vyftien-jaar-oue Preeti en haar ma en haar jonger suster, Kajal, woon in Mumbai. Shanti, 'n enkelma, moet gaan werk om 7:30 in die oggend en haar kinders loop dan skool toe. Preeti bel haar ma wanneer hulle daar aankom. Dit is haar daaglikse roetine. Preeti het baie vriende op Facebook gemaak, maar Shanti monitor nie haar dogter se sosiale media bedrywighede nie. Sy is van mening dat op sosiale media jongmense uit hul eie ervaring leer. "Kleuters struikel en val soms, maar ouers moet hulle nie keer om te probeer loop nie." Sy sê ook: "Sosiale media is 'n kragtige instrument om by die buitewêreld aan te sluit. Ons moenie ons jongmense die gebruik daarvan ontnem nie. Op sosiale media, kan hulle by tye foute maak. Die ervaring sal hulle leer om versigtiger in die toekoms te wees. Preeti het deeglike opleiding oor e-veiligheid by die skool gehad. Ek het aan haar verduidelik dat ek haar vertrou om verstandig te wees: Ek is gelukkig om haar die geleentheid te gee om uit haar eie foute te leer. Ek wonder of 'n gebrek aan vertrouwe in hul kinders een van die oorsake van swak ouer-kind-verhoudings kan wees. "

18Jy moet 'n praatjie oor sosiale media aan jou klasmaats gee. Maak kort aantekeninge onder elke opskrif as 'n basis vir jou praatjie. Die eerste een is vir jou gedoen.

Redes waarom sosiale media so 'n gewilde manier van kommunikasie geword het

- deel lewenservaring
-
-

Moontlike risiko's vir kinders wie sosiale media gebruik

-
-
-

Maniere om kinders te beveilig op sosiale media

-
-
-

[8]

Taak 4

Lees die artikel oor die lewe van 'n Londense Busker en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Die lewe van 'n Londense Busker

Het jy al ooit gestop om te dink oor die lewe van busker wie jy sien speel in Londen se ondergrondse stasies? Baie mense sal net dink "nog 'n ongelukkige lid van die haweloses", maar agter elke straatmusikant se gesig is daar 'n fassinerende menslike storie.

Steve Emson, speel kitaar by die Oxford stasie in Londen. Dit is 17h15, spitsverkeer. Die stasie is vol harde geraas, daarom staan Steve aan die onderkant van 'n roltrap en sing sy eie weergawe van John Lennon se liedjie "So this is Christmas in 'n luide stem. Hy sê hy moes hierdie plek twee weke voor die tyd bespreek en sê hy is gelukkig, omdat Oxford stasie is 'n Londen ondergrondse middelpunt en diens sowat 100 miljoen passasiers per jaar.

Elke Maandagoggend, skakel Steve die Transport for London (TFL) se tolvrye nommer om sy twee uur-slots te bespreek by verskeie gewilde ondergrondse stasies van Londen. Plekke en tye word uitgegee op die-eerste-die-beste-basis en is gewoonlik volbespreek binne die eerste uur. Slegs 'n paar musikante soos hy, wat dadelik inbel, kry plekke op die beste stasies. Met net 16 dae oor voor Kersfees, is dit besig om moeilik te raak. "Dit is 'n kritieke tyd vir straatmusikante," sê hy, en hou sy kitaar stewig vas. "Kersfeestyd is ons groot kans om ons finansies uit te sorteer. Plekke waar jy meer mense vind soos Oxford en Piccadilly stasies is eerste om volbespreek te word."

Soos die meeste mense vir Kersfees voorberei, is elke dag nou Kersdag vir Steve. Die konstante vloei van kopers en pendelaars wat die stasie betree en verlaat is genoeg om hom te oortuig dat hierdie Woensdagaand sy beste nag vir die week sal wees.

Hy het net twee ure om op te voer. Drie minute in sy tweede lied, gooi 'n vrygewige passasier 'n groot bedrag in sy kitaarhouer. Steve kyk op, maar die passasier het reeds aanbeweeg. Steve lyk hartseer. Hy probeer altyd om te glimlag of knik as 'n dankie aan die verbygangers, maar hulle neem selde 'n oomblik om sy dankbaarheid te aanvaar.

Transport for London het die London Ondergrondse Busker Bespreking Skema in 2003 bekendgestel wat verwag dat musikante 'n permit uitneem en "beskikbare plekke elke week" te reserveer. Voorheen sou musikante in die ondergrondse stasie insluip waar hulle wou optree, insluitend op die platforms. Die platforms bied goeie blootstelling aan pendelaars omdat hulle daar wag vir die trein, volgens Steve. "Maar hulle het opgehou om dit toe te laat as gevolg van die veiligheidsaspek - te veel mense te naby aan die treine" Soos meer mense Oxford stasie instroom, is Steve se kitaarhouer halfvol.

Hy hou op speel om 'n paar van die munte uit die houer te verwyder en laat net 'n paar om die indruk te gee dat hy sukkel en verberg die res in 'n sak teen die muur. Soos die meeste straat kunstenaars in Londen, sê Steve, word buskers gewoonlik verwar met bedelaars. Hy lag oor 'n tyd toe hy besig was om sy kitaar uit te haal in die stasie om te begin sing, en 'n ou tannie hom 'n halwe toebroodjie gegee het.

"Die meeste van hulle dink ons is dakloos en lui, "sê Steve. "Ek het 'n huis en 'n ordentlike lewe, en ek is tevrede. Ek woon op dieselfde manier as die meeste van hulle, alhoewel ek dit nie wys nie. Dit kan frustrerend wees by tye. "

* Busker = Street musikant (Bron: Cambridge werkswinkel slegs vertaal)

Lees die volgende vrae wat gebaseer is op die lewe van 'n Londense Busker. Maak 'n regmerk (✓) in die blokkie langs die korrekte antwoord. Die eerste een is vir jou gedoen.

bv	Wat is 'n Busker?	
	A	hawelose persoon
	B	straatmusikant
	C	voordraer van prosa
	D	persoon wat sing

19	Die skrywer meen buskers ...	
	A	is meer interessant as wat hulle lyk.
	B	het minder geluk gehad as die meeste mense.
	C	het nie 'n vaste plek om te woon nie.
	D	word al hoe meer algemeen.

20	Om 'n plek en tyd in die stasie te kry om te sing, moet jy ...	
	A	'n telefoonoproep baie vroeg maak.
	B	gaan na 'n spesifieke stasie.
	C	die personeel by 'n stasie ken.
	D	wag op die telefoon vir 'n lang tyd.

21	Wat is Steve se prioriteit hierdie tyd van die jaar?	
	A	aan meer mense bekend te raak
	B	om elke dag tot Kersfees te speel
	C	om 'n klomp geld te maak
	D	om te sorg vir sy kitaar

22	Hoe voel Steve vanaand?	
	A	optimisties
	B	moedeloos
	C	eensaam
	D	tevrede

23	Waaroor voel Steve soms spyt?	
	A	Mense gee hom net kleingeld.
	B	Sy speelyd is beperk.
	C	Hy kan nie dankie sê nie.
	D	Mense het geen tyd om te luister nie.

24	Straatmusikante is gestop om op die platforms te speel, want ...	
	A	die reisigers het gekla.
	B	die treine word vertraag.
	C	dit is as gevaarlik beskou.
	D	hulle het nie permitte bekom nie.

25	Steve was geamuseerd toe 'n ou dame ...	
	A	gedink het hy was 'n vriend .
	B	hom kos gee.
	C	bang was vir hom.
	D	saam met hom wou sing.

26	Steve vind dit frustrerend dat ...	
	A	sy lewe soms vervelig is.
	B	mense sy lewe misverstaan.
	C	die meeste mense nie so hard as hy werk nie.
	D	hy voel hy is anders as ander mense.

AFDELING B: SKRYF**Taak 5: Begeleide skryfwerk**

Jy het onlangs aan 'n skoonmaakprojek in jou tuisdorp deelgeneem.

Skryf 'n e-pos aan 'n vriend oor die projek.

In jou e-pos, moet jy...

- verduidelik waarom die skoonmaakprojek was.
- beskryf wat jy gedoen het gedurende die projek.
- sê wat jy geleer het uit hierdie ondervinding.

Jou e-pos moet tussen **100** tot **150** woorde lank wees.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud ontvang, en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

NAMIBIË SENIOR SEKONDERE SERTIFIKAAT

AFRIKAANS as TWEEDE TAAL GEWONE VLAK 6108 / 1

VIR IMPLEMENTERING 2019

VIR EERSTE IN 2020

Merkskema Vraestel 1

SPESIMEN VRAESTEL

AFDELING A: LEES EN SKRYF**Taak 1**

Vraag	Antwoord	Punte	Riglyne
1.	(Ruimte) bevelvoerder	1	Verwerp "ruimtevaarder" / "eerste man op die maan"
2.	(Tydens) die bekendstelling fase	1	Verwerp "tydens finale stadium"
3.	beweeg makliker / rondbeweeg	1	
4.	tydens finale landing / rigting landing / landing	1	Verwerp "tydens die bekendstelling"
5. (a)	monsters (van rotse en maanstof)	1	Verwerp "omkring die maan" / "op die maan geloop" / "rotse en maan stof"
(b)	wetenskaplike eksperimente gedoen	1	Verwerp "omkring die maan" / "op die maan geloop" / "rotse en maan stof"
6.	1972	1	Verwerp "1971"
7.	onderrig lugvaart	1	Verwerp "ruimtevaarder" / "model vliegtuie gebou" / "meganiiese eksperimente"
8. (a)	vermy publisiteit	1	
(b)	het selde onderhoude	1	

[10]**Taak 2:**

- 9** D
10 A
11 B
12 C
13 D
14 B
15 A
16 A
17 C

[9]

Taak 3:

Vraag	Antwoord	Punte
Redes waarom sosiale media so 'n gewilde manier van kommunikasie geword het	Ken 1 punt toe vir elke aanvaarbare reaksie, tot 'n maksimum van 3 punte. Aanvaarbare antwoorde is: <ul style="list-style-type: none"> • Maak vriende wêreldwyd / konnekteer met die buitewêreld • Druk private gedagtes en gevoelens 	2
Moontlike risiko's vir kinders wat sosiale media gebruik (Maksimum 3 punte vir hierdie opskrif)	<ul style="list-style-type: none"> • Verslawing aan rondsnuffel op internetwebwerwe • Agter raak met skoolwerk • Nie seker met wie jy praat nie / weet nie wie die inligting kan bekom nie 	3
Maniere om kinders te beveilig op sosiale media (maksimum 2 punte vir hierdie opskrif)	<ul style="list-style-type: none"> • Monitor / kontrolering • Opleiding oor e-veiligheid • Gee geleentheid om te leer uit eie foute 	3

Let wel: korrekte antwoorde is slegs van toepassing indien hulle onder die korrekte opskrif geplaas word (soos hieronder uiteengesit). Tel punte van die korrekte antwoorde op om 'n totaal uit 8 te gee.

Onthou dat hierdie oefening word gemerk vir inhoud (lees), nie taal nie.

Opskrifte:

Redes waarom sosiale media so 'n gewilde manier van kommunikasie geword het (maksimum 2 punte vir hierdie opskrif)

- Deel lewenservarings.(Geen punt. Antwoord was verskaf.)
- Maak vriende wêreldwyd / konnekteer met die buitewêreld
- Uitdruk private gedagtes en gevoelens

Moontlike risiko's vir kinders wat sosiale media gebruik (Maksimum 3 punte vir hierdie opskrif)

- Verslawing aan rondsnuffel op internet webwerwe
- Agter raak met skoolwerk
- Nie seker met wie jy praat nie / weet nie wie het toegang tot die inligting nie

Maniere om kinders te beveilig op sosiale media (maksimum 3 punte vir hierdie opskrif)

- Monitor / kontrolering
- Opleiding oor e-veiligheid
- Gee geleentheid om te leer uit eie foute

[8]

Taak 4:

19	A
20	A
21	C
22	A
23	C
24	C
25	B
26	B

[8]

AFDELING B: SKRYF

Algemene nasien kriteria vir Taak 5: Begelei skryfwerk

Taak 5:

Die volgende algemene voorskrifte geld vir Taak 5: Begelei skryfwerk

Gee 'n punt vir inhoud (I) [uit 8] en 'n punt vir taal (T) [uit 7] in ooreenstemming met die nasien rubriek vir begelei skryfwerk (Addendum D)

Inhoud dek **relevansie** (dit wil sê of die skryfstuk reg laat geskied aan die opdrag) en die **ontwikkeling van idees** (dit wil sê die detail / verduideliking verskaf).

Taal dek **styl** (d.w.s geskiktheid van woordeskat en sinstrukture) en **akkuraatheid** (van grammatika, spelling, puntuasie en gebruik van paragrawe).

Wanneer daar besluit word op 'n punt vir inhoud of taal, besluit in die eerste plek watter merkkolom is die geskikste. Daar sal nie noodwendig 'n presiese passing wees. Besluit dan tussen 2 punte binne daardie merkkolom. Gebruik die laer punt as die kandidaat net- net deur die kolom verteenwoordig word in die spesifieke kolom en die boonste punt indien dit voldoen aan al die vereistes van die kolom, maar nie heeltemal by die volgende kolom se vereistes kom nie.

Wanneer daar besluit word op 'n punt vir inhoud, kyk na beide relevansie en ontwikkeling van idees. Vra jouself eers of die skryfstuk reg laat geskied aan die opdrag, in terme van punte wat gedek moet word en die lengte. As dit die geval is, sal die punt val in die 8 merkkolom. Om die maksimum punt (I 8) toe te ken ,moet alle instruksies uitgevoer word.

Die gebruik van paragrawe moenie die primêre basis van die besluit vorm wees oor watter merkkolom die taak in val nie. Kyk eers by die inhoud van die taak(ongeach die gebruik van paragrawe) en sodra jy besluit het op die toepaslike merkkolom, kan jy die paragrafering as 'n faktor gebruik om jou te help om te besluit of die skryfstuk die boonste of onderste punt in die nasienkolom verdien.

Wanneer daar besluit word op 'n punt vir **taal**, kyk na beide die **styl** en die **akkuraatheid** van die taal. 'n Nuttige beginpunt sou eerste wees om te bepaal of foute inbreuk maak.

As die antwoord aansienlik korter is as die minimum aantal woorde (100) ,moet dit in merkkolom 3 (4-5 punte) gemerk word vir die inhoud of laer as dit nie die opdrag uitvoer nie. Die taalpunt sal waarskynlik geraak word en is dit onwaarskynlik dat meer as een groep hoër as die inhoudspunt sal wees.

As die antwoord heeltemal irrelevant is, moet dit 0 punte gegee word vir inhoud en taal.

As die opdrag minimaal uitgevoer is en dus in groep 5 (0-1) vir inhoud, is die volle omvang van die punte vir taal nog beskikbaar ..

Max totale vir Taak 5, [15 punte]

NB: Sien merkrooster op die volgende bladsy.

Merkrooster vir Begeleide Skryfwerk Totaal: 15

Merk kolom	Inhoud (relevansie en ontwikkeling van idees)	Punte	Merk kolom	Taal (styl en akkuraatheid)	Punte
Band 1	Uitstekende voltooiing van opdrag. Inhoud is heeltemal relevant tot die taak; al die inhoudspunte is ten volle ontwikkel; die formaat is ten volle gehandhaaf; die doel is duidelik en ten volle bereik. Gedetailleerde en goed gestruktureerde paragrawe.	8	Band 1	Gebruik taal en styl doelmatig met deurgaans 'n duidelike sin van gehoor en gepaste register. 'n Wye verskeidenheid van woordeskat is gepas en akkuraat gebruik. Spelling en punktuasie is baie goed beheer. Feitlik foutloos.	7
Band 2	Opdrag oortuigend uitgevoer. Inhoud dek die vereistes van die opdrag hoewel sommige aspekte net gedeeltelik ontwikkel word; die formaat gehandhaaf; die doel van die taak is duidelik aangebied. Goed gestruktureerde paragrawe.	6-7	Band 2	Gebruik taal gepas vir die taak met 'n bewustheid van die gehoor en korrekte register hoewel geringe teenstrydighede blyk. 'n Verskeidenheid woordeskat is gepas en akkuraat gebruik; Sommige foute in woordkeuse. Voldoende beheer van spelling en punktuasie. 'n Paar foute kom voor.	5-6
Band 3	Opdrag gedeeltelik bereik: inhoud spreek die vereistes van die opdrag aan, maar nie al die aspekte is ingesluit nie; die formaat toon by tye foute; die doel is nie duidelik bereik nie. Paragrawe duidelik.	4-5	Band 3	Taalgebruik bevredigend met 'n redelike bewustheid van die gehoor. Daar is 'n paar teenstrydighede in register. Die woordeskat is voldoende. Sommige foute in woordkeuse. Spelling en punktuasie toon foute. Enkele foute.	3-4
Band 4	Opdrag nie bevredigend uitgevoer nie; inhoud dek nie die vereistes van die opdrag nie; poging tot inhoudspunte maar baie irrelevante besonderhede; die formaat is foutief; die opdragdoel is nie bereik nie. Geen paragrafering.	2-3	Band 4	Taalgebruik nie doeltreffend nie. Min of geen bewustheid van die gehoor nie. Groot teenstrydighede in register. Beperkte woordeskat. Woordkeuse is foutief. Spelling- en punktuasiefoute belemmer begrip. Baie foute.	1-2
Band 5	Opdrag slegs minimaal uitgevoer of glad nie: die inhoud is nie relevant tot die onderwerp nie.	0-1	Band 5	Taal onvoldoende vir opdrag, in plekke onverstaanbaar. Ernstige foute dwing betekenisafleidings te maak	0-1

Taak 6:**Algemene nasien kriteria vir Taak 6: Uitgebreide skryfwerk**

Gee 'n punt vir **Inhoud (I)** [uit **10**] en 'n punt vir **Taal (T)** [uit **10**] in ooreenstemming met die nasienkema vir uitgebreide skryfwerk. (Addendum E).

Inhoud dek **relevansie** (dit wil sê of die stuk vervul die taak) en die **ontwikkeling van idees** (dit wil sê die detail/verduideliking verskaf)

Taal dek **styl** (d.w.s geskiktheid van woordeskat en sinstruktuur) en **akkuraatheid** (van grammatika, spelling, punktuasie en gebruik van paragrawe).

Wanneer daar besluit word op 'n punt vir Inhoud of Taal, besluit in die eerste plek watter nasienkolom is die geskikste. Daar sal nie noodwendig 'n presiese passing wees nie. Besluit dan tussen 2 punte binne daardie kolom. Gebruik die laer punt as dit net- net voldoen aan die vereistes in die kolom en die boonste punt indien dit voldoen aan al die vereistes van die kolom, maar nie heeltemal voldoen aan die vereistes van die volgende kolom nie.

Wanneer daar besluit word op 'n punt vir Inhoud, kyk na beide **relevansie** en **ontwikkeling van idees**.

Vra jouself eers af of die skryfwerk die opdrag uitvoer, in terme van aspekte waaraan aandag gegee moes word en die lengte. As dit die geval is, val dit in die **10 nasienkolom**. Alle instruksies moet uitgevoer wees om die maksimum punt (I 10) toe teken.

Wanneer daar besluit word op 'n punt vir Taal, kyk na beide die **styl** en die **akkuraatheid van die taal**. 'n Nuttige beginpunt sou eerste wees om te bepaal of foute inbreuk maak en indien nie, val dit in die **10 nasienkolom**.

Die gebruik van paragrawe moenie die primêre basis vorm van die besluit in watter nasienkolom die skryfstuk geplaas behoort te word nie. Kyk eers na die taal wat gebruik word. Sodra jy besluit het op die toepaslik nasienkolom, kan jy die paragrafering gebruik as 'n faktor om jou te help besluit of die taak die boonste of onderste nasienkolom regverdig.

As die antwoord aansienlik korter is as die minimum aantal woorde (200) is, moet dit in nasienkolom 3 (6-7 punte) gemerk word vir die inhoud of laer as dit nie reg laat geskied aan die opdrag nie. Die taalpunt sal waarskynlik geraak word (maar nie noodwendig nie) en dit is onwaarskynlik dat dit meer as een kategorie hoër as die inhoudspunt sal wees.

As die antwoord heeltemal irrelevant is, moet daar 0 punte vir inhoud en taal gegee word.

As die opdrag minimaal uitgevoer is en dus in groep 6 (0-1) vir inhoud val, is die volle omvang van die punte vir taal nog beskikbaar.

Nasien skema vir uitgebreide skryfwerk

Totaal: 20

Inhoud (relevansie en ontwikkeling van idees)		Punte	Taal (styl en akkuraatheid)		Punte
Band 1	Inhoud is heeltemal relevant vir die die onderwerp en effektief aangebied. Vlot samehangende ontwikkeling van onderwerp: gedetailleerde goed gestruktureerde paragrawe; uitsonderlike gebruik van oorgange; effektiewe skakeling tussen paragrawe; paragrawe gerangskik in oortuigende volgorde.	10	Band 1	Sinne wys 'n verskeidenheid van toepaslike strukture. 'n Wye verskeidenheid woordeskat wordgepas en akkuraat gebruik. Byna geheel en al vry van spelling, puntuasie en grammatikale foute. Kreatiewe gebruik van idiome. Registreer (styl) is heeltemal relevant tot die taak.	10
Band 2	Inhoud aan die onderwerp duidelik relevant en akkuraat aangebied. Samehangende ontwikkeling van onderwerp: goed gestruktureerde paragrawe; goeie gebruik van oorgange; relatiewe gladde bande tussen paragrawe; paragrawe gerangskik in redelik oortuigende orde.	8-9	Band 2	Sinne is baie goed gestruktureer. 'n Verskeidenheid woordeskat gepas en akkuraat gebruik. Paar spelling, puntuasie en grammatikale foute. Geskikte gebruik van idiome. Registreer (styl) is gedeeltelik gepas vir die opdrag.	8-9
Band 3	Inhoud redelik relevant vir die onderwerp en voldoende aangebied. Gedeeltelike ontwikkeling van die onderwerp: paragrawe is duidelik; minimale gebruik van oorgange; sommige verbindings tussen paragrawe; 'n paar bewyse van 'n poging tot paragraafordening.	6-7	Band 3	Sinne is bevredigend gestruktureer. Voldoende gebruik van toepaslike woordeskat. Sommige spelling, puntuasie en grammatikale foute. Idiome redelik gebruik. Registreer (styl) is gedeeltelik relevant tot die taak.	6-7
Band 4	Inhoud gedeeltelik relevant vir die onderwerp en aanbieding is beperk. Onvanpaste verbindings tussen paragrawe.	4-5	Band 4	Sinne is swak gestruktureer. Woordeskat is beperk en kan selfs onvanpas wees. Ernstige spelling, puntuasie en grammatikale foute belemmer begrip. Lidioomfoute en swak taal veroorsaak verwarring. Registreer (styl) is inkosekwent.	4-5
Band 5	Inhoud nie besonder relevant vir die onderwerp niet en aanbieding is swak. Geen verband tussen paragrawe nie.	2-3	Band 5	Gereelde en meer ernstige foute van spelling, puntuasie en grammatika kan kommunikasie belemmer en dwing die leser om afleidings te maak.	2-3
Band 6	Min of geen begrip van die onderwerp.	0-1	Band 6	Skryf is onmoontlik om te volg: taalvaardigheid ontbreek; verkeerde sinne; verskeie foute van spelling; puntuasie en grammatika.	0-1

Centre Number	Candidate Number	Candidate Name
---------------	------------------	----------------

NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE ORDINARY LEVEL

AFRIKAANS AS SECOND LANGUAGE ORDINARY

6108 / 2

PAPER 2 LISTENING

About 50 minutes

MARKS 40

SPESIMEN PAPER

LEARNER' S TEXT

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

- Kandidate beantwoord op die vraestel in die spasies wat voorsien word.
- Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die ruimtes aan die bokant van hierdie bladsy.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen
- Moenie flaterwater gebruik nie.
- Moenie skryf in die rand vir eksaminator se gebruik nie.
- Beantwoord al die vrae.
- Woordeboeke word nie toegelaat nie.
- Die aantal punte word tussen hakies [] aan die einde van die vraag of 'n gedeelte vraag aangedui. ✓

AANWYSINGS vir eksaminatorsverslag	
Taak 1	
Taak 2	
Taak 3	
Taak 4	
Taak 5	
Totaal	

<i>Marker</i>	
<i>Checker</i>	

Hierdie dokument bestaan uit **7** gedrukte bladsye en **1** leë bladsy.



Republiek van Namibië

Ministerie van Onderwys, Kuns en Kultuur

Taak 1

Jy sal vier kort opnames hoor. Beantwoord elke vraag op die lyn wat voorsien word. Skryf nie meer as drie woorde vir elke antwoord nie. Jy sal elke opname **twee** keer hoor.

1 (a) Hoe lank het dit Simataa en sy familie geneem om rondom die wêreld te seil?
 [1]

(b) Voordat hy besluit het om rondom die wêreld te vaar, waar het Simataa se pa geseil?
 [1]

2 (a) Watter probleem maak dit noodsaaklik vir die trein om te stop?
 [1]

(b) Hoe sal die passasiers hul reis voltooi?
 [1]

3 (a) Waarna sien die vriende na uit in die film?
 [1]

(b) Waar sal hulle sit in die teater om die film te sien?
 [1]

4 (a) Hoekom sal almal volgende week 'n dag af hê?
 [1]

(b) Op watter datum kan daar dalk 'n ekstra dag af wees, volgende jaar ?
 [1]

[8]

Taak 2

Jy sal 'n praatjie oor 'n kremetartboom hoor. Luister na die praatjie en voltooi die onderstaande notas. Skryf slegs 'n woord of 'n kort frase of 'n getal in elke gaping. Jy sal die praatjie **twee** keer hoor.

Die kremetartboom

Ander name vir die kremetartboom:

- die bottelboom, as gevolg van sy vorm.

die (a) boom, omdat sy peule aan lang maer stingels hang. [1]

Sommige feite oor kremetarte

Kremetartbome groei goed in plekke wat warm en droog is.

Hulle stam kan soveel as (b) liter water bevat. [1]

Hulle kan 'n hoogte van (c) meter bereik. [1]

Wanneer hulle uitgehol is, word kremetartbome dikwels gebruik vir stoorplek deur (d) [1]

Die kremetart se vrugte

Die vrugte lyk soos 'n (e) [1]

Dit weeg ongeveer 1,5 kg
Dit smaak na pomelo, peer en vanielje.

Mense sê dit is heerlik in (f) [1]

Hoekom die kremetart 'n merkwaardige boom is

Voëls maak nes in die takke
Vrugtevlermuise drink die nektar.

Die bas is 'n gewilde kos vir (g) [1]

Die kremetart kan eendag (h) vir die mens voorsien. [1]

[8]

Taak 3

Jy sal ses mense hoor praat in beurte oor die lewe in die stad en op die platteland. Kies vir elk van die sprekers **1-6**, uit die lys **A** tot **G**, elke spreker se opinie. Skryf die korrekte letter in die korrekte blokkie. Gebruik elke letter slegs **een** keer. Daar is een letter wat jy nie hoef te gebruik nie. Jy sal elke opname **twee** keer hoor.

- Spreker 1** ----- **A.** Ek moes in die stad leef, want dit was nodig vir my loopbaan, maar ek het verskuif na die platteland.
- Spreker 2** ----- **B.** Ek is bly dat ons verskuif het na die stad hoofsaaklik as gevolg van die beter vervoergeriewe.
- Spreker 3** ----- **C.** Ek wil regtig in die platteland woon, sodat ek 'n gesonder lewe kan lei.
- Spreker 4** ----- **D.** Ek wil graag eendag skuif na die stad, maar ek weet dit sal nooit kan gebeur nie.
- Spreker 5** ----- **E.** Ek het die stadslewe geniet, maar ek het verhuis na die platteland vir 'n nuwe werk en ek is mal daaroor.
- Spreker 6** ----- **F.** Ek is van plan om stad toe te gaan vir my tersiêre opleiding en dan daar woon te woon.
- G.** Ek het nog altyd in die platteland geleef en ek is nie van plan om te skuif nie.

[6]

Taak 4

Luister na 'n onderhoud tussen die onderhoudvoerder en Adela oor haar blog oor resepte. Kies die korrekte antwoord vir elke vraag deur 'n regmerk (✓) in die toepaslike blokkie te maak. Jy sal die onderhoud hoor **twee** keer.

(i)	Adela het haar resepteblog begin skryf ...		
	A	toe sy haar eerste werk verloor het.	
	B	net nadat sy klaar gestudeer het.	
	C	toe sy nog op skool was.	
	D	aan die begin van die ekonomiese krisis.	

(ii)	Adela sê sy het haar restaurant werk verloor omdat ...		
	A	sy was nog op skool.	
	B	sy het begin blog.	
	C	hulle het die personeel verminder.	
	D	sy tyd op hande gehad het.	

(iii)	Adela sê mense wat 'n geld te kort het ...		
	A	het nie toegang tot die Internet nie.	
	B	besit nie kookboeke nie.	
	C	het nie tyd om resepte te volg nie.	
	D	sien nie kos as 'n plesier nie.	

(iv)	Adela plaas resepte wat ...		
	A	verminderde vet bevat.	
	B	so eenvoudig as moontlik is om te maak.	
	C	die goedkoopste bestanddele gebruik.	
	D	uit haar dorp kom.	

(v)	Adela weet hoe dit is om arm te wees deur ...		
	A	haar eie ervaring.	
	B	maaltye elke aand voor te berei.	
	C	gesprekke met haar ouma en oupa.	
	D	ander mense te help.	

(vi)	Adela dink jongmense eet sleg, want ...	
	A	goedkoop kos smaak beter.
	B	hul het gebrek aan kook ervaring.
	C	hul het vervelige kooklesse op skool gehad.
	D	die aantreklikheid van kits-verpakte kos.

(vii)	Adela sê dat sy suksesvol geword het as gevolg van ...	
	A	finansiële hulp van die regering.
	B	die gewildheid van haar blogresepte.
	C	die ondersteuning van haar familie.
	D	haar vaardigheid om te organiseer.

(viii)	Wat is Adela se doel met haar resepteboek?	
	A	om haar resepte te publiseer.
	B	omdat die wêreld in 'n ekonomiese krisis is
	C	omdat die regering ongevoelig is
	D	sodat die armes kan ook goed eet

Taak 5

Luister na die volgende onderhoud met Anita Price, 'n langafstand-swemmer, en beantwoord dan die onderstaande vrae. Jy sal die onderhoud **twee** keer hoor.

(a) Wat is uniek aan Anita se die onlangse swemmery?

..... [1]

(b) Wat het Anita gestop met haar eerste poging om van Kuba na Florida te swem?

..... [1]

(c) Hoekom het Anita nie haar ouderdom as 'n uitdaging vir langafstandswem gesien nie?

..... [1]

(d) Hoekom moes Anita tot 300 000 dollar insamel? (Gee **twee** redes)

i. [1]

ii. [1]

(e) Waarom tel Anita terwyl sy swem?

..... [1]

(f) Wat het veroorsaak dat Anita in 2010 na tagtig kilometer opgehou swem het?

..... [1]

(g) Hoe het die jellievisse in 2012 haar swemmery gestop?

..... [1]

(h) Watter enkele ding het Anita gedra om haar gesig te beskerm teen jellievisse?

..... [1]

(i) Wat sê Anita is noodsaaklik vir sukses?

..... [1]

[10 punte]

NAMIBIË SENIOR SEKONDÊRE SERTIFIKAAT

AFRIKAANS as TWEEDE TAAL GEWONE VLAK

6108 / 2

Vraestel 2 Luisterbegrip

Ongeveer. 50 minute

SPESIMEN PAPER

ONDERWYSER SE TEKS

[Empty box for the teacher's text]

Hierdie dokument bestaan uit 12 gedrukte bladsye en 1 leë bladsy.



Republiek van Namibië

Ministerie van Onderwys, Kuns en Kultuur

Dit is die Namibië Senior Sekondêre Sertifikaat-eksamen vir Oktober 2020 vir die eksamen van Afrikaans As 'n Tweede Taal, Vraestel 3, Luisterbegrip.

Welkom by die eksamen.

Jy het jou vraestel ontvang van jou onderwyser. Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en jou Naam op die voorblad. Moenie met enigiemand praat tydens die toets nie.

Pouse 00'10 "

As jy graag die klank harder of sagter wil hê, vra **NOU** jou onderwyser. Die toestel sal nie tydens die eksamen gestop word terwyl die eksamen besig is nie. .

[Bliep]

Nou dat jul almal gereed is, hier is die toets.

Kyk na die vrae vir Taak 1. Daar is ses vrae in hierdie deel van die eksamen. Vir elke vraag sal die situasie aan jou beskryf word soos dit op jou vraestel is. Jy sal elke gedeelte twee keer hoor.

Pouse 00'10 "

ONDERWYSERSTEEKS

Taak 1

Jy sal vier kort opnames hoor. Beantwoord elke vraag op die reël wat voorsien word. Moenie meer as drie woorde vir elke antwoord skryf nie.

Jy sal elke opname twee keer hoor.

Pouse 00 '05 "

Vraag 1

- * **(a)** Hoe lank het dit Simataa en sy familie geneem om rondom die wêreld te seil?
(b) Voordat hy besluit het om rondom die wêreld te vaar, waar het Simataa se pa geseil?

A	Vandag gaan ons hoor van Simataa, wat net terug gekom het met sy gesin van 'n reis in 'n klein seilboot rondom die wêreld. Eerstens, Simataa – Hoe groot was die boot?
B	Wel, dit was net 12 meter lank - net groot genoeg vir die hele gesin om op te leef vir 19 maande.
A	Wie se idee was dit om rondom die wêreld te vaar?
B	Dit was altyd my pa se droomprojek, maar hy het nog nooit gereed gevoel om dit te doen nie. Hy het baie ondervinding om teen die kuslyn te vaar, maar nie met 'n boot oor 'n oseaan nie. **

**** Pouse 00'10 "**

*Herhaal van * tot ***

Pouse 00'05 "

Vraag 2

- * (a) Watter probleem maak dit noodsaaklik vir die trein om te stop?
 (b) Hoe sal die passasiers hul reis voltooi?

Trein-bestuurder: Goeiemôre. Dit is jou treindrywer wat praat. Ons het 'n klein probleempie. Sommige koeie het uit hul kraal ontsnap en loop op die spoorlyn sowat 10 kilometer vorentoe. Ek is bevrees ons vind dit nodig om by die volgende stasie te stop. 'n Bus wag by die taxistaanplek om vir jou die res van die pad tot in die middestad te neem. Ek vra omverskoning vir enige ongerief wat dit mag veroorsaak. **

**** Pouse 00'10 "**

*Herhaal van * tot ***

Pouse 00'05 "

Vraag 3

- * (a) Waarna sien die vriende uit in die film?
 (b) Waar in die teater sal hulle sit om die film te sien?

Kamati: Ek wil graag ses kaartjies vir die film "Moon flash"koop. Asseblief, so naby aan die voorkant as moontlik, sodat ons al die spesiale effekte waarvan ons gehoor het, kan geniet!

